



1

**2 Kor 4:16-18** Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. (17) Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. (18) Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

2

**Verandar**  
**Leer**  
**Verbeter**  
**Bly Aktief**

3

**Kla** → **Ontevredenheid**  
**Dissatisfaction**

4

## God sien kla en murmureer as Persoonlik teen Hom

Num 14:28-29 Sê vir hulle: 'So seker as Ek leef,' sê die Here, 'Ek sal met julle maak soos Ek julle hoor sê het. (29) In hierdie selfde woestyn sal die lyke bly lê van julle almal van twintig jaar en ouer wat in die sensus opgeneem is en wat teen My in verset gekom het.

Num 14:35 Ek, die Here, het dit gesê, Ek sal dit beslis doen aan hierdie slegte volk wat teen My saamgespan het: hulle sal in hierdie woestyn omkom en hier sterf."

1Kor 10:10 En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekome.

5

## God sien kla en murmureer as Persoonlik teen Hom

1Kor 10:10 En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekome.

**Pred 7:10 Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie uit wysheid dat 'n mens so sê nie.**

6

## Joshua

Jos 1:3-6 Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom: (4) van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees. (5) Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. (6) Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

7

## Kaleb

Jos 14:10-12 Van die tyd af dat die Here dit vir Moses gesê het toe Israel deur die woestyn getrek het, het die Here my in die lewe laat bly soos Hy beloof het, vyf en veertig jaar lank. Ek is nou 'n man van vyf en tagtig, (11) maar ek is vandag nog net so sterk as die dag toe Moses my uitgestuur het. Die krag wat ek toe gehad het, het ek nou nog. Ek kan nog gaan oorlog maak en behoue terugkom. (12) Gee my nou asseblief die bergwêreld waarvan die Here daardie dag gepraat het. Jy het daardie dag gehoor dat daar Enakiete is en groot vestingstede. Miskien sal die Here by my wees sodat ek hulle kan verower soos Hy beloof het."

8

**Deur 34:7** Moses was honderd en twintig jaar toe hy gesterf het; sy oë was toe nog goed en sy krag het nog nie ingegee nie.

Num 14:24 Maar omdat my dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit.

9

Fil 2:5-11 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: (6) Alhoewel Hy Self God was, het Hy nie vasgeklou aan die Goddelikheid wat Hom toekom nie. (7) maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, (8) het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. (9) Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, (10) sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, (11) en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

10



11